ALGEMENE KENNIS VASVRA

Deur Albé Grobbelaar

VRAE:

1. **Wat is die naam van die vulkaan in Alaska wat vroeg in 2006 met 'n uitbarsting stoom en as 8 kilometer die lug in geblaas het?**
2. **Wie was die omstrede grootbaas van Hyundai in Suid-Afrika toe die maatskappy in 2000 in duie gestort het?**
3. **Wie was Suid-Afrika se eerste staatspresident na republiekwording in 1961?**
4. **Wie was George W. Bush se Demokratiese Party-opponent in die presidentsverkiesing na Bill Clinton se twee termyne in die Withuis?**
5. **Wie is in Januarie 2006 verkies tot Chili se eerste vroulike president?**
6. **Wat is die naam van die virus wat aan die gevreesde voëlgriep gekoppel word?**
7. **Om watter rede het die Turkse burger Mehmet Ali Agca in 1981 wêreldwyd berugtheid verwerf?**
8. **Wie het in April 1968 die burgerregteleier, dr. Martin Luther King, vermoor?**
9. **Wat is die naam van die omstrede Amerikaanse basis in Kuba waar Al-Kaïda-verdagtes aangehou word?**
10. **In watter Deense koerant is die gewraakte Mohammed-spotprente die eerste keer in September 2005 gepubliseer?**

ANTWOORDE:

1. **Augustine**

2. **Billy Rautenbach**
3. **C.R. (Blackie) Swart**
4. **Al Gore**
5. **Michelle Bachelet**
6. **H5N1**
7. **Hy het Pous Johannes Paulus die Tweede in `n sluipmoordaanslag gewond**
8. **James Earl Ray**
9. **Guantanamobaai-gevangenis**
10. ***Jyllands-Posten***